

**Só lyk Douwe, Liezl en Douwe-Tempel Vlok se idilliese bestaan: 'n Ou sinkstoor wat 'n huis geword het – een met 'n lang voor- én agterstoep. (Hier op die naaste hoek, agter die bakkie, is die stort.) Voor die huis is die plonspoel en kompostoilet. Na links, onder die skadunet, is die groentetuin, hoenders en perde. En dan, die wêreld en die uitsig wat hulle so liefhet. Na links, buite die foto, is Sylvester, die leeu, se ou swerfwêreld wat hulle vir stappers gaan wys. Op die foto, agter die plat berg links, lê Beaufort-Wes, en regs, wel, daar lê die einde van die reënboog...**

# Ons boer met stilte

Net meer as 70 km suidwes van Beaufort-Wes, in die voue van die Nuweveldberg, het Douwe en Liezl Vlok 'n droom kom bewaarheid: Om eenvoudig te lewe en hierdie aarde waarvoor hulle so lief is, so sagkens as moontlik te bewandel. Kom stap saam.

TEKS & FOTO'S **PETER VAN NOORD**



Pa en seun het met *Platteland* se kuier albei aande buite geslaap. Douwe is vroeg al uit die vere, maar klein Douwe-Tempel lê nog ’n bietjie in saam met Liebe, die worshond.







Stel jou voor jy woon op ’n plek waar die jakkalse saans in die klowe reg agter jou lag. Voor jou strek ’n oerklipbesaaide vlakte uit tot waar Beaufort-Wes se ligkoepel saans uitrys. Waar’s die verkyker: Is dit ’n swart-renoster doer oorkant teen die kop?

Jou blyplek het jy met jou eie hande gebou, jou water kom uit die koel maag van die berg, jou groente uit die lappie grond wat jy so getrou bewerk en natlei en beskerm teen die elemente van die natuur. Op warm aande dra jy beddegoed buitentoe en slaap onder die helderste smeersel Melkweg wat jy in jou dag des lewens gesien het. Diere en plante is jou beste vriende, maar ook die klippe en die veld en die wolke.

Hierdie is inderdaad die lewe van Liezl en Douwe Vlok, twee kleurryke platjies wat elk op hulle eie wye draaie deur die wêreld geloop het tot hier – soms met ’n “grondpad”, lag Liezl. “Waar dink jy kom die plooie vandaan?”

HIER OP HEUNINGLAND woon die Vloks en hulle jongste kind, die 11-jarige Douwe-Tempel, vreedsaam saam met hulle 2 honde, 4 katte, 4 perde en ’n hok vol hoenders. Die naaste tekens wat jy van die “beskawing” sien, is die Oukloofpad tussen Beaufort-Wes en Fraserburg wat hier onder verbyloop en net nou en dan ’n stofstreep kry. Anderkant die pad lê die Karoo- nasionale park, voorheen die rinkinkwêreld van Sylvester, die Houdini-leeu wat die ganse Suid-Afrika enkele jare gelede op hol gehad het met sy reise en skouspelagtige ontsnappings.

Die tentakels van Eskomkrag en munisipale dienste het nog nie hier uitgekom nie, en selfoonsein is maar ’n vae en wisselvallige besigheid.

Die Vloks se huis het geen badkamer nie, maar daar is darem ’n stort buite, by die verste hoek van die huis, waar jy smiddae kan baljaar onder die warmgebakte water uit die tenks bo in die berg. Afloopwater word herlei na die bome toe – suurlemoen, vy, karob, witstinkhout, doringboom, selfs piesang – en daarom gebruik jy net boerseep. Vir jou hare, lyf, alles. Of jy kan sommer jou klere afgooi en in die 3 m-plonspoel reg by die voorstoep afkoel. Dié word mooi skoon en koelblou gehou deur kopersulfaat, oftewel blouvitrioel, ’n sterk kiemdoder.

Op koue wintersnagte is dit ’n ander storie: Dan “bad” jy bibberend binne by die emaljekom voor die koolstoof. Elke oggend en aand kuier jy met jou tandeborsel en koppie water by ’n ander Karoobossie iewers om die huis.

Die toilet is ’n droë kompos-affêre waar jy mooi moet kophou, want hier is nr. 2 welkom, maar nr. 1 nié – dié word ook veldkos. Vullis bestaan omtrent nie; afval word óf herwin óf herwerk óf herbruik óf tot kompos afgebreek en gaan terug tuin toe. Krag word bedags deur die son opgewek en in batterye geberg sodat jy saans dinge soos yskaste, laaiers, die wifi en die nodigste ligte aan die gang kan hou. Maar vanaand bly die ligte af, want die sprinkane het oorgekom. Laat die swernote hulle eerder in die vuur of kersvet te pletter loop as in jou bord kos.

Maar selfs dit sal nie die ergste wees nie, want hier, weet jy, is jy ver verplaas van die waansin en wanhoop waarin die wêreld gedompel is, ligjare weg van die moderne glans en gejaag na wind.

LIEZL IS ’N GEBORE Swartlander, die dogter van ’n Moorreesburgse koringboer. Iemand wat baie lag en geen doekies omdraai nie. “Ek was nog altyd maar dwárs en het alles bevraagteken wat almal vir soetkoek opgeët het,” lag sy terwyl die kraaispoortjies om haar blou oë uitsprei. “My ouers het my Girls’ High toe gestuur in die Paarl, maar hulle het hulle hande vol gehad met my. My pa sê ek was só wild, toe ek 16 word, het hy geweet daar is ’n Here...

“Hoewel ons almal maar ’n Calvinistiese streep weg het, was trou en kinders kry nooit op my agenda nie. Ek was mal oor diere en is selfs op die ou end universiteit toe met ’n perd, Lurine, wat 3-4 jaar op Lanzerac geloop het.”

Maar die lewe het anders uitgewerk, en teen die tyd dat sy in 2004 vir Douwe ontmoet het, was sy geskei met drie kinders: Ruan (nou 25), Warnich (23) en Mieke Burger (21). “En toe kom trou ek mos met Beaufort se goue seun, Douwe Vlok!” lag sy. “Tjaag,” grom Douwe verleë, maar Liezl laat nie los nie. >

**BO** Tyd vir ’n blaaskans... Douwe sit op die voorstoep en geniet ’n biertjie en sy uitsig. En klein Plathond – haar regte naam is Liebe – wel, dié hang aan haar suster se lippe.
**BO LINKS** Liezl het nog altyd ’n hegte band met diere gehad. Op universiteit al het sy perde gehad, en vandag loop haar vier rustig op die stuk grond voor die Vloks se huis.
**HEEL BO** Streepmuis se pa was ’n vaalboskat... en aartjie na haar vaartjie. Sy is nie altyd tuis nie en verdwyn soms vir dae in die veld. En wanneer Douwe in die klowe agter die huis gaan stap, stap al die honde én katte saam. Ons het self gesien hoe Streepmuis op haar eie tyd saamdrentel.

"Die mense sê altyd 'jy is mos Douwe se vrou?', dan sê ek: "Nee jong, ek is nie Douwe Vlok se vrou nie, Douwe is Liezl Warnich se man.' "

Vandag sing sy 'n ander deuntjie oor kinders. "My vier kinders is my kroon, en hulle is almal net soveel Douwe s'n as myne. Ek is mal oor hulle en oor diere, want hulle hou jou in die oomblik." Sy het al haar kinders behalwe Warnich met tuisonderrig deur matriek gekry en Douwe-Tempel, 'n kind wat kaalvoet in die veld hardloop en goed weet hoe om homself besig te hou, loop dieselfde paadjie.

Maar aan háár rokspante laat Liezl g'n kind klou nie. "Ek het vir my kinders gesê ek is julle ma en julle juffrou tot julle 18 is, dan skop ek julle uit en dan is ek verder slegs in 'n raadgewende hoedanigheid tot julle beskikking." Sy dink 'n oomblik na. "Ek het vir hulle gesê daar is eintlik net twee dinge wat ek hulle kan leer: goeie maniere… en *own your shit*! Daar is regtig niks méér tragies as grootmense wat die *blame game* speel en nie verantwoordelikheid wil aanvaar vir hulle eie lewe nie… nee, wag, daar's eintlik nóg twee dinge: 'n Mens moet onthou jy het altyd nog dinge om te leer. En dan, die belangrikste: 'n Fout is net 'n fout; dit is 'n bloukol, en nié 'n blerrie *tattoo* nie!"

Douwe, aan die ander kant, was nog vrygesel toe hy en Liezl se paadjies kruis. Hy het wye draaie in die wêreld gemaak: Ná 'n paar jaar in die weermag – ook as staandemaglid – het hy in 1994 en '95 in Miami gaan werk – onder meer perdestalle skoongemaak – en van 1996 tot 2000 in Paraguay gaan werk, eers










**HEEL BO** Douwe is bekommerd: "Jong, ek weet nie of jy moet skryf daar's blouvitrioel in die swembad nie… kan jy dink wat al my weermagpêlle gaan kwytraak?" Maar ja, dít is wat die swembad so blou hou. 'n Mens noem dit ook kopersulfaat. **BO LINKS** Die gesin se versameling hartvormige klippe – en links bo is rooskwarts, die klip van universele liefde. **BO REGS** Die varingpatroon op hierdie klippe word gevorm deur dendriete. Dit gebeur wanneer 'n element of mineraal – in dié geval mangaan – oor jare uit die klip geloog word.







**Liezl het nie net hulle eie huis gebou nie, maar ook dié van haar pa, Henri Warnich (regs). Die kleistene het sy self gebak, en die pleister bestaan uit grond wat fyner gesif en met kalk gemeng word – sodat dit meer weerbestand is. Die dakbalke, venster- en deurrame en baie ander materiaal is herwonne materiaal wat sy vir 'n appel en 'n ei aangeskaf het. Henri woon op sy eie hier sedert Julie verlede jaar, 'n hanetree van sy dogter se huis op die plaas. En hy bly lekker. "Kyk, ek mis my ou pêlle van die Strand, maar ek was gatvol van die *hooters* en sirenes."**

'n jaar lank by 'n volstruiskwarantynstasie waar kuikens vir die veremark geteel word, waarna hy 'n groot beesplaas bestuur het. Dit is in dié tyd dat hy vlot leer Spaans praat het.

Vir Liezl het hy allermins maklik aangekeer. "Douwe het my 9 keer gevra om te trou!" lag sy." Toe hy uiteindelik die jawoord kry, is hulle in Mei 2008 getroud. En presies twee jaar later is Douwe-Tempel gebore.

Vandag is Douwe en Liezl soos vinkel en koljander. "Douwe het nie 'n ego nie," sê Liezl, nou doodernstig. "Wat jy sien, is wat jy kry, en dit is skáárs deesdae.

HOE BLY 'N MENS aan die lewe so op jou eis hier in die middel van nêrens? Daardie antwoord vind jy op hulle webwerf: "We sell silence."

"Ja, ons boer met stilte," sê Douwe. Terwyl hulle nog op Oudtshoorn gewoon het, was Douwe en Liezl albei in die reisbedryf. Douwe was sinoniem met die uitstekende toere wat ons susterpublikasies *Weg* en *go!* aanbied deur Suid-Afrika, Namibië en Botswana, en Liezl was onder meer 'n besprekingsagent vir 'n toeragentskap.

Hulle het hard gewerk, hulle effens uitgebrand, en 'n ander soort lewe begeer. In 2017 besluit hulle toe dit is tyd om hulle permanent te kom vestig hier op Douwe se familieplaas waar hulle dan verskillende staptoere wou aanbied. Die 52-jarige Douwe ken immers hierdie wêreld soos die palm van sy hand, want op hoërskool het hy en sy pêlle in die kort vakansies hulle rugsakke gepak en die veld platgeloop en gekamp, met g'n kos nie. "Dalk 'n paar blikkies boeliebief en lekker soet swart koffie!" onthou hy.

"Nie ek of Douwe het enige opleiding in finansies nie en mense sal seker sê ek was mal om my werk te los sonder om 'n ander een te hê, maar die *universe* gee nooit op met 'n hardekop nie. Hoe het J.M. Storm nou weer gesê? 'Magic happens when you don't give up even when you want to. The universe always falls in love with a stubborn heart."

Douwe en Liezl het 'n vierdaagse Karooroete oor 103 km ontwerp wat Sylvester se spore volg, plus 'n volmaanstap van 65 km, ook oor vier dae. Daar is ook 'n paar ander toere, onder meer >









**In hierdie ongenaakbare wêreld maak die Vloks groentetuin dat die biesies bewe. Noem dit op en dit is daar: aarbeie, skorsies, wortels, eiervrug, tamaties, blaarslaai, spinasie, sitroengras, beet... Die akkertjie is toegespan om die perde en enige wilde diere – veral ystervarke – uit te hou, maar die skadunet bied ook beskutting teen die hitte en wind – en in die winter ook teen ryp.**







**LINKS Liezl aan die werk om die ou sinkstoor op te rig wat hulle op Oudtshoorn gekoop het en vandag hulle woonhuis is. Onder is die woonwa waarin sy en haar oudste en jongste kind sewe maande lank op die plaas kom woon het.**

meer om die Klein- en Groot-Karoo te verken én toere na van ons buurlande. Met *Platteland* se besoek was Douwe hoeka weer op pad Botswana toe om nuwe roetes daar te verken.

En weer is dit toere dié wat stappers lofliedere laat sing. Douwe en Liezl stap nie saam nie, maar vervoer die bagasie, sorg vir kookwater om koffie te maak, maak alle etes, stook donkie en skenk aandag aan "enige onvoorsienigheid".

Douwe, sê Liezl, is bekend vir die lekker kos wat hy op hierdie toere maak, maar vir aandetes maak hulle beurte. En laat ons jou nou maar vertel: Liezl se tuisgebakte brood is iets om oor huis toe te skryf!

"Ons wou roetes opstel wat 'n vrou alleen en veilig kan stap. Ons wou toeganklik wees. Ons wou dinge eenvoudig hou," sê Douwe. "Elke stapper kry byvoorbeeld saans 'n 2 ℓ-roomysbak vol warm water om te was, en dit is regtig genoeg, al dink jy nie so nie tot jy dit self gedoen het. Mense moet weet water is skaars en kosbaar – water is werklik heilig in die Karoo. Hier is dit die lewensaar van álles.

"Ons wil nie 'n worsmasjien wees nie," sê hy, baie beslis. "Ons wil nie met ander mense meeding wat reeds staptogte aanbied nie. Ons stappe gaan oor die ervaring. Dit is 'n kopding. En dit is uitdagend, maar beslis nie ekstreem nie. En ons doen ook nooit 'n klomp toere ná mekaar nie – vir die Karoo-staptoere, byvoorbeeld, doen ons twee in die lente en twee in die herfs."

Hy floreer met mense om hom, sê Douwe. "Ek hou van die groepsielkunde, die interaksies en intriges. Soos 'n CEO moet jy altyd in beheer wees en daardie een moeilike kliënt uit sy gemaksone kry. Vir my gaan dit oor die eenvoud van die Karoo, om gemaklik in jou vel te wees... om net te wéés. Ek is nie 'n grapverteller en 'n *entertainer* nie, en jy werk hárd, want soggens om 05:00 wil die ooms hulle koffie hê!"

Vir hom, sê hy, gee die intriges van 'n groep energie.

Dit het goed gegaan met die nuwe besigheid... en toe slaan Covid-19 toe.

"Die jaar 2020 was 'n toets vir ons huwelik, want ons het oornag gegaan van 'n goeie volhoubare besigheid na géén inkomste nie," onthou Liezl "Ons was gewoond daaraan dat Douwe vir lang tye weg is vir sy werk as toerleier, maar toe kom die *lockdown* en ons is die heeltyd hier en verdien geen inkomste nie. Douwe het dit natuurlik ook baie gemis om oor die grens te gaan."

"Liezl is die een wat al die eer moet kry dat ons tot hier toe elke maand oorleef het. Ons kom met een voertuig oor die weg. Ons doen glad nie oormaat nie, en tog ly ons geen gebrek nie. Ons is albei mal oor reis – dit is ons hele besigheid! – maar nou is daar nie geld vir sulke goed nie én brandstof is ongelooflik duur."

Gelukkig het dinge begin herstel, en van die staptoere vir 2021 is volbespreek. Jy sien die vonkel in die oë van die huismense op Heuningland.

DIE SKUIF VAN OUDTSHOORN af hierheen was allermins 'n gewone trek. Douwe se pa het destyds nog die plaas Rietfontein van 3 000 ha gekoop. Ná sy dood toe Douwe maar 9 jaar oud was, het die plaas in die familie gebly, maar intussen het Sanparke ook aanspraak gemaak op van die grond. Ná lang onderhandelings was daar 'n ruiltransaksie en Douwe het dié stuk grond duskant die nasionale park se grensdraad gekry.

Op Heuningland wás daar dus geen huis nie. Niks nie.

Liezl en Douwe het twee jaar lank op Beaufort-Wes kom bly en so gereeld as moontlik hier kom rondstap, kyk en beplan. In 2017 het Liezl alleen saam met Ruan, haar oudste kind, en Douwe-Tempel in 'n woonwa op die plaas kom woon, en sy het die ligging en vloei van die aarde goed bekyk. Maar Ruan was 'n hand vol, want hy is met 'n genetiese afwyking gebore wat Prader-Willi-sindroom genoem word. (Lees die storie op bl. 45.) Sulke mense het 'n onblusbare eetlus en verg konstante aandag, toesig en roetine. "Die bouery hier het my geleer om geduld te hê, om soos water te wees..."

Met die bouwerk het hulle 'n skoon skilderdoek gehad, want hier was nie dinge soos ou krale of windpompe of selfs 'n pad nie, onthou Liezl. "Douwe het net gesê: 'Moenie met my *view* mors nie!' Toe besluit ons hierdie is die regte plek, want dit het die beste uitsig. >




## Kom stap saam!

Die doel van hulle toere, skryf die Vloks op hulle webwerf, is om die eenvoud van die Groot-Karoo met al sy geheimenisse en stories bekend te stel aan almal wat 'n behoefte het om die klok te stop. "As 'n mens hier in die land van ruimte lank genoeg stil genoeg raak, kan jy weer die hartklop van die aarde hoor. Dit is 'n plek waar tyd nie bestaan nie."

Stappers kan besluit of hulle die gewone Karoo-staproete of die volmaanstaproete wil doen. Jy bring jou eie tent, beddegoed en kampstoel saam, plus drankies en peuselkos, maar jou bagasie word elke dag aangery en jy stap net met 'n ligte dagsak. Alle etes word verskaf en saans is dit glo 'n legendariese gekuier.

### Karoo-staproete

Ons doen 'n sirkelroete in die mooie Karoo en stap ongeveer 103 km oor 4 dae – en ons volg tot 'n groot mate die spoor van Sylvester, die leeu. Hierdie deel van die Karoo kan nie van die hoofpaaie af gesien word nie. Elkeen stap teen sy eie spoed.
**Afstand** 103 km
**Prys** R4 245 p.p.
**Datums** 30 Augustus-3 September 2021 en 6-10 September 2021

### Volmaanstaproete

Kom stap saam in die Karoo terwyl jou voetpad deur die volmaan belig word. Hierdie is 5 stappe oor 4 aande, met die kortste 8 km en die langste 18 km. Daar is een laatmiddagstap (opsioneel), twee vroegoggendstappe (terwyl dit nog donker is) en twee nagstappe.
**Afstand** 65 km
**Prys** R4 435 p.p.
**Datums** 17-21 November 2021 en 16-20 Januarie 2022

**Kontak** info@heuningland.com heuningland.com 072 243 5251 (slegs WhatsApp)

Al kan dit nogal winderig raak hier *flush* teen die koppie, vat ons die wind enige dag soos hy kom. Niks troef hierdie uitsig nie."

Hulle moes natuurlik ook besluit waar die plaas se ingang moet wees en het 'n pad laat skraap tot hier waar die huis moes staan. Weer eens moes die uitsig onbelemmerd bly. "Ek het vir die ou met die trekker en *blade* gesê ek soek nie 'n lelike reguit pad in my *view* nie; hy moet mooi kronkel tot hierso," lag Douwe.

Hulle het besef hulle het 'n stoor nodig, en toe verneem hulle deur 'n Oudtshoorn-kontak van 'n sinkgebou op Dysselsdorp wat deur 'n skool opgeveil sou word. Hulle het die sinkstoor gekoop en uiteindelik het dit hulle huis geword, opgerig deur Liezl self en 'n span werkers. En toe, tussen September 2019 en Julie 2020, bou sy ook 'n kleihuis – of *cob house* – vir haar pa, Henri Warnich, net hier af in die pad. 'n Huis wat as 't ware deur die veld ingesluk word en lyk of dit so oud is soos die berge. "Hier," sê Liezl sonder om enigsins dramaties klink "doen 'n vrou alles!"

Hulle is nie oor 'n enkele ding spyt nie. Hulle is gelukkig hier op hulle plasie waar hulle woel en werskaf en mekaar én hulleself ondanks teruglae gelukkig maak. Saans wanneer Liezl slaai maak terwyl Douwe buite 'n vuurtjie stook en hoenderstukkies oor die kole gaar kry, luister sy na Tom Jones en Frank Sinatra. Douwe-Tempel, hulle "*free-range* kind", gee die perde en hoenders kos; speel met Liebe, die worshondjie, en Anan, die whippet; oes tamaties; doen 'n gevegsdansie, blaas op sy tuisgemaakte didgeridoo. Of gaan lê dalk op sy bed vir 'n deel van die kosbare drie uur foontyd wat hy per dag toegelaat word.

Stilte. Dit is waaroor dit gaan op Heuningland. En 'n mens raak so gewoond daaraan, sê Liezl. "Soms sien albei van ons so daarteen op om dorp toe te gaan dat ons lootjies trek!"

Douwe en Liezl kyk albei af oor die vlakte en glimlag, tevrede. En dan sê Liezl: "Die stilte en eenvoud – dít is die *magic*, die verleiding van die Karoo." ■





In die Karoo se hitte is daar geen beter lafenis as hierdie ysige plonspoel nie. Hier baljaar Douwe en sy seun in die water. **INLAS** Die sonsondergang agter die huis kan skouspelagtig raak...



## Wat is Prader-Willi-sindroom?

Dit is 'n baie skaars chromosoomafwyking wat die werking van die hipotalamus en hipofise – of dan pituïtêre klier – beïnvloed, die dele in die brein wat funksies soos eetlus beheer.

Liezl se oudste seun, die 25-jarige Ruan Burger, is op 3-jarige ouderdom met die sindroom gediagnoseer. As baba het hy geen spiertonus gehad nie en kon ook nie suig nie. "Medici het hom gediagnoseer as 'n "floppy baby", maar ek het ook dadelik geweet daar is iets fout, want hy het nie gehuil nie en ook geen bewegings gemaak nie. Ek het instinktief geweet dit is iets anders. Ek was nie so ontsteld soos die dokters nie, want hy was my oudste en ek het nie geweet hoeveel hy verskil van "normale" babas nie. Toe sit ek eendag in 'n dokter se spreekkamer en sien pamflette oor die sindroom... en die dokter stuur bloed weg en dit word bevestig: 'n weglating op chromosoom 15 as 'n defek.

Dit was moeilike grootwordjare. "Hy het die verstandelike vermoëns van 'n 10-jarige. Daar was altyd uitbarstings, 'n gevloek in Pick n Pay of een of ander drama in die openbaar. By die huis moes jy alles toesluit, want hy hou nóóit op eet nie."

Omdat dit so 'n skaars afwyking is – in Suid-Afrika is daar maar 78 gesinne met kinders wat leef met Prader Willi, sê Liezl – is daar geen spesiale plek vir mense met die sindroom nie.

"Ons het hom by verskillende instansies gehad. Omdat hy so lief en dierbaar is, word hy oral aanvaar, maar dan kom die *tantrums* as hy nie kos kan kry nie... Dan bel hulle en sê ek moet hom kom haal." Sy lag: "Ek gee myself nie genoeg krediet dat ek sonder medikasie deur die lewe is nie! 'n Mens moet die draak kan steek met jou eie swart... soveel dinge het al in die openbaar gebeur dat jy my regtig nie meer kan skaam maak nie. Uiteindelik, het ek op die harde manier geleer, is balans en konsekwentheid deurslaggewend, anders is dit soos om te dink jy kan 'n drol aan sy skoon kant optel."

**Toe kom Huis Henri...**

Maar daar was nog 'n kwelling: "Ons was bekommerd oor wat eendag van ons kind gaan word, want Boeta is regtig 'n 24-uur-per-dag-*job* – daar's níks *glam* daaraan nie."

Daarom het Liezl en Douwe, in samewerking met haar pa en haar twee broers, Hennie en Botha, die Henri Warnich-stigting, 'n organisasie sonder winsbejag, op die been gebring.

Sedert Februarie 2019 huur die stigting 'n huis op Beaufort-Wes wat bekend staan as Huis Henri, 'n tuiste vir volwassenes wat met Prader-Willi leef. Dit is die eerste en enigste huis in Suid-Afrika wat eksklusief vir volwassenes met Prader Willi geskep is. Daar is drie voltydse personeellede en saam met Ruan woon daar tans drie ander mense.

"Ons het 'n diepe dankbaarheid teenoor vriende en familie, en ook totale vreemdelinge wat glo in ons droom. Dit is net ongelooflik hoe die hele Beaufort-Wes help – Huis Henri se inwoners kry twee keer per week gratis swemless by die Swim Steps-swemskool, die Indaba-slaghuis skenk maandeliks vleis, en Charlene Botha sny elke ses weke die inwoners se hare gratis.

En Ruan? "Hy het binne 'n jaar 58 kg afgeskud en weeg nou 55 kg," sê Liezl. "Hy't basies die helfte van sy gewig verloor, net omdat sy kosinname streng bestuur word, die spens altyd toegesluit is en die snoephappies beperk word. Hy sal steeds altyd honger wees, maar hy kan daarmee saamleef as hy weet hy kry stiptelik dán sy kos."

Ruan is 'n gelukkige jong man. Met gelukkige ouers.

*Lesers wat 'n bydrae wil lewer tot Huis Henri, kan e-pos stuur na huishenri@023.co.za, of stuur 'n WhatsApp na 072 243 5251*
*henriwarnichfoundation.co.za*







**BO** Die blye dag in Februarie 2019 toe Huis Henri sy deure oopgegooi het. Van links agter is Liezl se jonger broer, Botha Warnich, Liezl, Ruan (toe nog 113 kg), Liezl se ouer broer, Hennie, en hulle pa, Henri. Voor van links is Li Deegan, 'n inwoner, en Douwe-Tempel, en regs voor Hennie se dogters, Mila en Jodi. **REGS BO** Die drie inwoners van Huis Henri in Mei, kort voor die koms van hulle vierde huisgenoot. Links is Li en regs Ruan (nou 55 kg), met tussen hulle Kele Moatshe. **REGS** Die personeel van Huis Henri: Annette Mocke (huismoeder), Catherine Frieslaar en Eunice Menze.